

# Beeld Eienndomme Veilings

## Lewensreg gewilde opsie by aftreeoord

90% van eerste fase uitverkoop

Elma Kloppers

Aftree-eiendom met die lewensregopsie by die Val de Vie-leefstyl landgoed in die Paarl-Franschhoekvallei, vind groot aanklank by kopers met 'n oog op luukse en veilige aftreeverblyf in die Kaapse Wynlande. Sedert die bekendstelling van die Val de Vie Evergreen-aftreeontwikkeling in November 2017, het 90% van die eerste fase van dié ontwikkeling uitverkoop. Van die eerste inwoners het onlangs hul intrek geneem. Pryse in die eerste fase het op R3,1 miljoen begin en die groot-

tes van die huise wissel tussen 148 m<sup>2</sup> en 203 m<sup>2</sup>. Dié ontwikkeling belooft om met voltooiing van al die fases die grootste aftree-ontwikkeling in die land te wees met 'n gemeenskap van 700 verblyfopsies, wat huise, woonstelle en verswaktesorg-verblyf insluit. Die aftree-ontwikkeling volbring die visie van die ontwikkelaars van die landgoed om 'n verblyfopsie vir elke lewensfase te voorsien, sê Ryk Neethling, Val de Vie se bemarkingsdirekteur en 'n aandeelhouer in die landgoed. Hy sê wat die lewensregopsie

so aantreklik maak, is dat dit die koper die reg op lewenslange verblyf in 'n spesifieke eiendom gee met toegang tot mediese dienste vir alle ouderdomsfases. "Die instandhouding van die huise se struktuur word deur die ontwikkelaar behartig en inwoners hoef slegs om te sien na interne onderhoud." Afgetredenes kry nie net toegang tot die aftree-ontwikkeling se unieke geriewe nie, maar ook tot die wye spektrum geriewe van wêreldgehalte waarvoor Val de Vie so gesog is. Die aftree-ontwikkeling het geriewe



soos 'n siekeboeg, 'n biblioteek, 'n rolprentkamer, 'n kafeteria en 'n klubbuis. In latere fases gaan daar 'n gimnasium en 'n rolba-

Aftreehuise in die eerste fase van die Val de Vie Evergreen-aftreeontwikkeling, waar inwoners reeds ingetrek het. Pryse in die fase het op R3,1 miljoen begin. Op die inlas is die ruim en weelderige binnekant van een van die aftreehuise in Val de Vie te sien, waar groottes tussen 148 m<sup>2</sup> en 203 m<sup>2</sup> wissel.

"Daar is nie naastenby 'n vergelykbare aftreeontwikkeling wat kan mededing met die dienste wat by dié een beskikbaar is nie." Daar is groot voordele aan verbode om in 'n aftreeoord in 'n groot eiendomslandgoed soos Val de Vie af te tree, waarvan veiligheid die belangrikste is. Val de Vie beoog om voor die einde van die jaar die tweede fase van sy aftree-ontwikkeling bekend te stel.



Die weelderige binnekant van die huis wat 432 m<sup>2</sup> beslaan.

## Huis in Victoriaanse styl onder die hamer

'n Imposante dubbelverdiepinghuis in die Victoriaanse styl in Waterkloof in Pretoria word later in September deur Bernardi Auctioneers opgeveel. Dié woning beslaan 432 m<sup>2</sup> en is in 'n veiligheidskompleks in die goeie voorstad. Dit het 'n ingangsportaal, 'n gasteoilet, formele en onthaal-sitkamers en 'n ruim eetkamer, wat op 'n onderdakpatio uitloop. 'n Stel houtrappe en 'n nuwe

traphyser lei na die boonste vloer, waar 'n galery uitkyk op die trappe en 'n hangende kroonkandelaar. Daar is twee luukse slaapkamers met aansluitende badkamer en die een het 'n aantreklike van beukehout. Die kombuis is toegerus met Miele- en Bosch-toestelle, graniet-werkoppervlakke en 'n instap-spens. Daar is ook 'n waskamer en opwaskamer, wat op 'n binne-



Die Imposante dubbelverdiepinghuis in die Victoriaanse styl in Waterkloof in Pretoria word later in September deur Bernardi Auctioneers opgeveel.

hof uitloop Die huis het erkervensers, luukse matte, geteelde areas, soliede meranti-deure, ingevoerde Sanderson-gordyne, Spaanse diewering en interne Trellidoor-veiligheidsdeure. 'n Bonus is 'n ateljee woonstel met 'n afsonderlike ingang, wat bo-op die dubbelmotorhuis geleë is.

Carl Bernardi van Bernardi Auctioneers sê dit is selde dat so 'n "toesluit-en-ry-eiendom" van dié gehalte op die veilingsvloer beland. "Dit is die ideale huis vir diegene wat wil afskaal, maar steeds 'n luukse huis wil besit." Die huis word op 21 September om 11:00 op die perseel te Olivierstraat 344, Waterkloof,

opgeveel. Besigtiging is streng volgens afspraak. Daar is 'n opdag op Vrydag 20 September van 10:00 tot 17:00. Voornemende bidders moet kennis neem dat Fica-dokumente vereis word vir registrasie. Vir meer inligting, besoek [www.bernardiauctioneers.co.za](http://www.bernardiauctioneers.co.za) of kontak Carl Bernardi by 082 445 1128 of 012 430 6914/5.

## Bie op luukse en moderne eiendomme

Phil Minnaar Afslalers gaan op 16, 17 en 18 September drie luukse, moderne eiendomme onder die hamer verkoop. Dié eiendomme bied gulde beleggingsgeleenthede wat nie misgeloop moet word nie. Eerste aan die beurt is 'n tweeslaapkamer-eiendom in Sandown wat op 16 September om 11:00 opgeveel gaan word. Dié eenheid is in die Katherine Quay-deeltitlentwikkeling op die hoek van Katherinestraat en Pretoriaal, Sandown. Dit beslaan 107 m<sup>2</sup> en het benewens die twee slaapkamers, twee badkamers waarvan een aansluitend is, 'n sitkamer, 'n kombuis, 'n opwasplek en 'n waskamer. 'n Bonus is dat dit ook 'n woonstel vir 'n enkelopende persoon het. Om die eiendom te besigtig, skakel 074 654 0429. Op 17 September om 11:00 gaan 'n vierslaapkamerhuis in Pretoriusstraat, Hatfield, opgeveel word. Die huis, met 'n enor-



Dié vierslaapkamerhuis in Pretoriusstraat, Hatfield, wat ook as 'n gastehuis gebruik kan word, word op 17 September deur Phil Minnaar Afslalers opgeveel.

me oppervlakte van 1 243 m<sup>2</sup>, hou potensiaal in om as 'n gastehuis gebruik te word. Dit het vier badkamers, 'n gasteoilet, 'n sit/eetkamer, 'n kombuis, 'n opwasplek en 'n waskamer. 'n Bonus is dat dit ook 'n woonstel vir 'n enkelopende persoon het. Om die eiendom te besigtig, skakel 074 654 0429. Op 18 September om 11:00 gaan 'n gesinswoning in die Blue Valley-gholflandgoed in Kosmosdal verkoop word. Die huis beslaan 885 m<sup>2</sup> en het vyf



Die Katherine Quay-deeltitlentwikkeling op die hoek van Katherinestraat en Pretoriaal in Sandown, waar 'n tweeslaapkamer-eiendom opgeveel gaan word.

slaapkamers, vier badkamers, waarvan drie aansluitend is, twee sitkamers, 'n eetkamer, 'n studeerkamer, 'n kombuis met 'n opwasplek, 'n waskamer, 'n rolprentkamer en 'n binnenshuise swembad. Verder is daar 'n buitekamer en 'n dubbelmotorhuis. Om 'n afspraak te maak om die eiendom te besigtig, bel vir Pierre Vermeulen by 082 773 0380. Besoek [www.philminnaar-auctioneers.co.za](http://www.philminnaar-auctioneers.co.za) vir meer besonderhede.

## Lappie grond in 'n japtrap opgeraap

'n Kaapstadse koper het verlede week R20,35 miljoen opgedok vir een van die laaste onontwikkelde erwe in Clifton se gesogte bungalow-deel by Vierde Strand. High Street Auctions se hoofafslaer en direkteur Joff van Reenen sê die insetbod was R15 miljoen en die erf van 417 m<sup>2</sup> het binne 60 sekondes verkoop. 'n Bonus is dat goedgekeurde

planne vir 'n vyfslaapkamer-ontwerpershuis saam met die erf verkoop is. Gevolglik kan die koper vinnig aan die bou kom, sê Rodney Beck, High Street Auctions se direkteur wat die afslaer se Wes-Kaapse portefeulje behartig. Die totale area vir 'n nuwe huis, balkonne ingesluit, beslaan meer as 470 m<sup>2</sup>.



Die lappie grond van 417 m<sup>2</sup> wat vir R20,35 miljoen op 'n veiling van High Street Auctions deur 'n Kaapstadse koper opgeraap is.

## ELI STRÖH AUCTIONS

(1968 gestig)

VEILINGVERKOPING VAN GOED GELEË BESPROEIHINGSPLAAS AAN DIE KROKODILRIVIER EN LOS BATES, NOORDWES

Behoorlik gelas deur die Likwidateur, Corporate Liquidators (Edms) Bpk, in die saak van Insolvente Boedel C.J. van den Berg, Meestersverwysingsno: T1303/2018 sal ons die volgende per openbare veiling te koop aanbied op:

DONDERDAG, 19 SEPTEMBER 2019

OM 11:00 VM

BY GEDEELTE 33 VAN DIE PLAAS TWEERIVIER 197 JQ NOORDWES

DIE EIENDOMME:

Die volgende eiendomme word as 'n eenheid verkoop:

Gedeelte 33 van die plaas Tweerivier 197, Registrasie-afdeling JQ, Noordwes

Grootte – 68.526 hektaar

Gedeelte 84 van die plaas Tweerivier 197, Registrasie-afdeling JQ, Noordwes

Grootte – 83.3072 hektaar

VERBETERINGE:

'n Woonhuis onder Harvey-teëldak en wat bestaan uit 4 slaapkamers, 3 badkamers, sitkamer, eetkamer en kombuis, toesluitmotorhuis vir 3 motors, en 'n lapa.

Die tweede woonhuis is onder sinkdak en bestaan uit 4 slaapkamers, 2 badkamers, sitkamer, eetkamer en kombuis.

Ander: toe skuur (± 165 m<sup>2</sup>), afdak (± 98 m<sup>2</sup>), gereedskap- en werksinkwinkelskuur (± 160 m<sup>2</sup>), toe skuur (± 400 m<sup>2</sup>), oop area (± 950 m<sup>2</sup>).

Waterreëgte: 2x Waterreëgte bestaan, naamlik by gedeelte 33 (8 000 m<sup>3</sup>/ha/jaar) en by gedeelte 84 (8 000 m<sup>3</sup>/ha/jaar). Water word uit die rivier gepomp in die besproeiingsdam in (± 2 518 m<sup>2</sup>), van daar word dit gepomp na die spilpunte toe. Op een slag kan ± 45 hektaar besproei word.

Spilpunte: Ingesluit in die verkoping is 5 spilpunte wat bestaan uit 'n 6-toring-Valley-spilpunt (± 1994-model); 7,8 hektaar Valley-spilpunt (± 1995-model); 19 hektaar Valley-spilpunt (± 1998-model); 7,5 hektaar Valley-spilpunt (± 2000-model), hierdie spilpunt is gekonnekteer aan 3 sirkels en is verskuifbaar; 4 hektaar Valley-spilpunt (± 1992-model), hierdie spilpunt is gekonnekteer aan 3 sirkels en is verskuifbaar.

1x Boorgat wat drinkwater voorsien aan die woonhuise.

Los Bates: 4-toring-Valley-spilpunt (± 2016-model) – Onderworpe aan bevestiging: Groen Nissan 3.2D Hardbody D/K (DPW810NW); rooi 5-skaar-ploeg; John Deere-beitelploeg; Agrico-beitelploeg; rooi 3-wiel- meganiese hark; groen beetploeg; radium beetploeg; rooi kunsmisstrooier; hamermeule; 500 L dieselkar; rooi kapper; groen enkelas-sleepwa; rooi platbaksleepwa; groen voersleepwa; sleepwa met blou tenk; groen enkelas-sleepwa; Kuhn-kapploeg; CO<sub>2</sub>-sweisstoel; staanboor; 1x kragopwekker; 4x petrol-waterpomp; kompressor; 1x groot staan blou gereedskapkas; 1x klein staan blou gereedskapkas; 1x staal- stangereedskapkas; 2x Kleiner staalfels; verskeidenheid Kleiner gereedskap; ens.

LIGGING:

Die betrokke eiendom is ± 9 km van die Beestekraal-afdraai geleë op linkerhand. Veilingborde en roetmerkers sal opgerig word.

AFSLAERSNOTA:

Eiendom: Hierdie is 'n ideale geleentheid om 'n baie goed geleë besproeiingsplaas met volop water en goeie spilpuntstelsels aan te skaf.

Los Bates: Hierdie veiling bied 'n groot verskeidenheid items, te veel om te noem. Besigtiging is eendag voor die veiling, dag van die veiling of gaan na ons webblad. Lys van items is onderworpe aan verandering, alle items word voetstoots verkoop, van die items is onderworpe aan bevestiging.

Alle potensiële kopers word aangeraai om die veiling by te woon. Besigtiging volgens afspraak met die afslalers of gaan na ons webblad.

VERKOOPVOORWAARDES:

Eiendoms: 10% Deposito op die dag van die veiling en saldo-waarborgte binne 45 dae na bevestiging van verkoop, bevestiging binne 7 dae na die datum van veiling. Die veilingreëls en verkoopsvoorwaardes sal op die dag van die veiling uitgelees word, bepalinge en voorwaardes op versoek beskikbaar.

Los Bates: Kontant of bankgewaarborgde tjek op die dag van die veiling. 15% BTW sal waar van toepassing bygevoeg word. R2 000 (Twee duisend rand) terugbetaalbare kopersdeposito.

Alle potensiële kopers moet voor die veiling registreer en bewys van identiteit en woonadres word vereis.

VIR MEER BESONDERHEDE – KONTAK DIE AFSLAER ELI STRÖH (Klein Logo) PROPERTY SERVICES AND AUCTIONEERS PLATINUM PLACE, 2 WATERMELONSTRAAT, PLATINUM PARK P.O.Box 1238 POLOKWANE

☎ (015) 287 - 3300 – FAKSNR: (086) 691 - 7845

E-POS: [adrinette@elistroh.co.za](mailto:adrinette@elistroh.co.za) WEB: [www.elistroh.co.za](http://www.elistroh.co.za)

